



basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

GRAAD 12

AFRIKAANS HUISTAAL V2

NOVEMBER 2011

PUNTE: 80

TYD: 2½ uur

Hierdie vraestel bestaan uit 30 bladsye.

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Lees die volgende instruksies/opdragte noukeurig deur voordat jy die vraestel beantwoord.
2. Moenie probeer om die hele vraestel deur te lees nie. Raadpleeg die inhoudsopgawe op die volgende bladsy en merk die vraagnommers van die letterkundetekste wat jy in die klas behandel het. Lees daarna die vrae oor die tekste wat jy gedoen het en kies die tipe vraag wat jy wil doen. Neem die voorskrifte by elke vraag in ag.
3. Die vraestel bestaan uit DRIE afdelings:

AFDELING A: Gedigte (30)
AFDELING B: Prosa (25)
AFDELING C: Drama (25)
4. Beantwoord VYF vrae in totaal: DRIE uit AFDELING A, EEN uit AFDELING B en EEN uit AFDELING C. Gebruik die kontrolelys om jou met jou keuses te help.
5. Voer die opdragte aan die begin van elke afdeling noukeurig uit.
6. Nommer die antwoorde korrek volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
7. Beantwoord ELKE afdeling op 'n NUWE bladsy.
8. Voorgestelde tydsindeling:

AFDELING A: ongeveer 40 minute
AFDELING B: ongeveer 55 minute
AFDELING C: ongeveer 55 minute
9. Skryf netjies en leesbaar.

INHOUDSOPGAWE

Hierdie bladsy sal jou help met die keuse van vrae sonder dat dit nodig is om die hele vraestel deur te lees.

AFDELING A: GEDIGTE			
Voorgeskrewe gedigte: Beantwoord ENIGE TWEE vrae.			
VRAAGNOMMER	VRAAG	PUNTE	BLADSY
1. Sonsverduistering	Opstelvraag	10 punte	5
OF			
2. Die huis luister	Kontekstuele vraag	10 punte	6
OF			
3. Finis	Kontekstuele vraag	10 punte	7
OF			
4. Een sprong vir ...	Kontekstuele vraag	10 punte	9
EN			
ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND): Beantwoord ENIGE EEN vraag.			
5. die skepping van die vrou	Opstelvraag	10 punte	11
OF			
6. die skepping van die vrou	Kontekstuele vraag	10 punte	12
AFDELING B: ROMAN			
Beantwoord EEN vraag.*			
7. <i>Die kwart-voor-sewe-lelie</i>	Opstelvraag	25 punte	13
OF			
8. <i>Die kwart-voor-sewe-lelie</i>	Kontekstuele vraag	25 punte	14
OF			
9. <i>Manaka Plek van die Horings</i>	Opstelvraag	25 punte	17
OF			
10. <i>Manaka Plek van die Horings</i>	Kontekstuele vraag	25 punte	18
OF			
11. <i>Vatmaar</i>	Opstelvraag	25 punte	21
OF			
12. <i>Vatmaar</i>	Kontekstuele vraag	25 punte	21
AFDELING C: DRAMA			
Beantwoord EEN vraag.*			
13. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Opstelvraag	25 punte	24
OF			
14. <i>Krismis van Map Jacobs</i>	Kontekstuele vraag	25 punte	24
OF			
45. <i>Mis</i>	Opstelvraag	25 punte	27
OF			
16. <i>Mis</i>	Kontekstuele vraag	25 punte	28

*LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C.

KONTROLELYS

Gebruik die onderstaande kontrolelys om te kontroleer of jy al die nodige vrae beantwoord het.

AFDELING	VRAAG-NOMMER	GETAL VRAE BEANTWOORD	MERK ✓
A: Gedigte (Voorgeskrewe gedigte)	1–4	2	
A: Gedigte (Ongesiene gedig)	5–6	1	
B: Roman (Opstel- of kontekstuele vraag)	7–12	1	
C: Drama (Opstel- of kontekstuele vraag)	13–16	1	
*LET WEL: Beantwoord EEN OPSTELVRAAG en EEN KONTEKSTUELE VRAAG uit AFDELING B en AFDELING C.			

AFDELING A: GEDIGTE**VOORGESKREWE GEDIGTE**

Beantwoord ENIGE TWEE vrae.

VRAAG 1: OPSTELVRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Sonsverduistering – PJ Philander

1 Langsamerhand, geruisloos skuif die vlek
2 van skadu en verklein die sekelboog
3 van son tot dreigend swart die kol daar hoog
4 'n koue vreemde skemerte laat trek
5 wyd oor die vlakke waarvandaan, swygsaam,
6 'n vaal streep donkies met die kortste pad
7 oorhaastig stalwaarts swingel nog voordat
8 die skape blêr-blêr na die kraal toe gaan.
9 Oor gans die mensdom hang 'n skaduwee
10 wat alle lig van God en Christus so
11 verduister dat Sy pad onsigbaar is.
12 En ons, aan hierdie duisternis gedwee,
13 het nie 'n skaap se voorgevoel of glo
14 dat ons moet tydig Huiswaarts keer vir rus.

[Uit: *Uurglas*, 1955]

Bespreek die sonnet, *Sonsverduistering*, in 'n opstel van 250–300 woorde deur aandag te gee aan die volgende:

- Die UITERLIKE bou (2 feite)
- Die verskil tussen die diere en die mens se reaksie (2 gemotiveerde feite)
- Die ironie wat uit die gedig afgelei kan word (1 gemotiveerde feit)
- Die neerdrukkende stemming wat deur klank- en woordgebruik veroorsaak word (2 gemotiveerde feite)

[10]

OF

VRAAG 2: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Die huis luister – Daniel Hugo

- 1 my kamers is hol soos 'n binne-oor
 2 ek hoor hoe die bewoners roesemoes
 3 liefde maak, verwyf, mekaar vertroos, skoor
 4 soek met die goor hede, nooit tevrede
 5 aanhou kibbel oor kon en sou en moes
- 6 luister, ek bewaar julle verlede
 7 my fondamente kraak onder die las
 8 my plafonne raak voos van die eggo's
 9 te veel vloeke laat my pleisterwerk bars
 10 jare se trane laat my rame roes
- 11 so word ons saam verweer deur dit wat was
 12 my dakplate en julle gebede
 13 fluister en knal al hoe harder om hulp
 14 ongehoord in elke nag se oorskul

[Uit: *Dooiemansdeur*, 1991]

- 2.1 Haal enige woord of frase uit strofe 1 aan wat daarop dui dat dinge in die huishouding nie altyd vreedsaam verloop nie. (1)
- 2.2 Tot watter mate betaal die huis vir die inwoners se skeltaal? (1)
- 2.3 Hoe weet die leser dat die inwoners in strofe 2 direk aangespreek word? (1)
- 2.4 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- Die gevolgtrekking waartoe die skrywer in reël 11 kom, is dat ...
- A die huis gewoon is aan negatiewe reaksies tussen gesinslede.
 B die *goor hede* uiteindelik tot die aftakeling van die mens in die algemeen lei.
 C ouers en kinders saam verantwoordelik is vir dit wat in die verlede gebeur het.
 D die gesin die huis nie in stand hou nie. (1)
- 2.5 Op watter wyse ondersteun alliterasie die klanke wat deur die huis weerklink? (1)
- 2.6 Alhoewel die gedig uit 14 versreëls bestaan, voldoen dit uiterlik nie aan die eienskappe van 'n sonnet nie.
- Skryf TWEE bewyse vir hierdie stelling neer. (2)

- 2.7 Benoem die beeldspraak wat in die titel voorkom. (1)
- 2.8 Stem jy saam met die aanklag wat die spreker in die gedig teenoor huisgesinne uitspreek? Verduidelik jou antwoord. (2)

[10]**OF****VRAAG 3: KONTEKSTUELE VRAAG**

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Finis – Lina Spies

- 1 Nou maak ek self nie meer so baie saak nie
2 want jy't bobbejaan na my gestuur met 'n briefie in sy bek
- 3 *dit was geskryf op varkensblaar*
4 *dit was 'n bietjie dof*
5 *dit was om my en jou te nooi*
6 *na die Apies se bruilof*
- 7 Jy het al die liedjies van my kindertyd weer in my laat sing
8 en in my hart die Jakkalse elke dag laat trou
- 9 Maar wat sal jy van my kan saamneem?
- 10 Miskien wanneer die lewe met jou kotiljons
11 en lekker wals op die Apies se bruilof
12 sal jy onthou dat jy vir my Aprilmaand was
13 – die wolke altyd bietjie voor die son –
14 en ek ten spyte van die reën kon lag
- 15 En jy sal lag

[Uit: *Digby Vergenoeg*, 1971]

- 3.1 Wie is in reël 1 aan die woord? (1)
- 3.2 Die 'briefie' wat die spreker in reël 2 ontvang het, was 'n afskeepsbriefie.
Skryf 'n FRASE uit strofe 2 neer wat hierdie stelling ondersteun. (1)
- 3.3 Wat is die funksie van die inkeping by die tweede strofe? (1)
- 3.4 Reël 8 hou verband met 'n versreël later in die gedig.
Identifiseer hierdie versreël en skryf dit volledig uit. (1)

3.5 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

‘Saamneem’ in reël 9 kan binne konteks met die volgende verklaring vervang word:

- A erf
- B onthou
- C vergeet
- D vat

(1)

3.6 Waarom sou die gebruik van ‘Aprilmaand’ in reël 12 waarskynlik as ironies beskou kan word?

(2)

3.7 Wat sou die rede vir die afwesigheid van die leesteken aan die einde van die gedig wees?

(1)

3.8 Dink jy die rympatroon in hierdie gedig sluit by die tema van die gedig aan? Motiveer jou standpunt.

(2)

[10]

OF

VRAAG 4: KONTEKSTUELE VRAAG

Lees die onderstaande gedig en beantwoord dan die vrae wat volg.

Een sprong vir ... – Joan Hambidge

1 Jy wil weet
2 waarom herstel ek nie –
3 want jy het my die maan,
4 sterre en uitpansel beloof.

5 Jy stuur my na die maan
6 en à la Neil Armstrong beweeg
7 ek in die lugdrukvrue atmosfeer,
8 karteer die kraters, die stil verwoesting
9 wat jy saai, plant 'n vlaggie van rekapitulاسie
10 (dis verby, dis verby, dis ...) op die klein silw'rige planeet.

11 Danksy die verbinding tussen my en die lugskip van glas
12 genaamd poësie, keer ek weer terug na die aarde,
13 wys my foto's vir diegene wat wil sien,
14 neem stukkies maankors saam
15 en weet ná maande
16 die maan is hiér.

17 Jy wil weet
18 waarom vergeet ek nie –
19 omdat ek weet die maan
20 is beslis nie van kaas.

[Uit: *Kryptonemie*, 1989]

- 4.1 Watter geskiedkundige gebeurtenis gebruik die digter as vertrekpunt vir hierdie gedig? (1)
- 4.2 Wat het aanleiding gegee tot die vraag wat in strofe 1 gevra word? (1)
- 4.3 Haal enige frase/woord uit strofe 2 aan wat met die begrip 'maan' verband hou. (1)
- 4.4 Skryf 'n woord uit strofe 3 neer wat daarop dui dat die spreker 'n kreatiewe proses gebruik om haar hartseer te verwerk. (1)

- 4.5 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Die funksie van die enjambement in reël 5–7 is om die ...

- A gebroke rympatroon uit te hef.
- B spreker se beweging deur die atmosfeer visueel te ondersteun.
- C spoed waarteen die verhouding skipbreuk ly uit te hef.
- D strofe te beklemtoon. (1)

- 4.6 Die uiterlike vorm van die gedig is funksioneel.

Bewys hierdie stelling deur spesifiek na die versreëls te verwys. (2)

- 4.7 Wat noem ons die laaste strofe wat uit vier versreëls bestaan? (1)

- 4.8 In die slotstrofe sê die spreker dat sy haar liggelowigheid oor die liefde verloor het.

In watter mites/stories oor die liefde glo jy ook nie meer nie? Motiveer jou antwoord. (2)

[10]

EN

ONGESIENE GEDIG (VERPLIGTEND)

Beantwoord VRAAG 5 OF VRAAG 6.

VRAAG 5: OPSTELVRAAG**die skepping van die vrou – Vincent Oliphant**

1 waarom dan die man alleen?
2 God neem 'n been
3 en betrag dit stip
4 dit is 'n rib

5 en in 'n oomblik van grootse inspirasie
6 tower hy met digterlike grasie
7 'n meesterwerk van vlees en bloed

8 hy't dit beskou
9 en dit was goed
10 en dit was vrou

[Uit: *Die sagte vlees*, 1998]

In hierdie gedig word die skepping van die vrou beskryf.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 250–300 woorde deur te verwys na:

- Twee stylfigure wat in die gedig voorkom (2 feite)
- Bogenoemde twee stylfigure se funksies (2 gemotiveerde feite)
- Die wyse waarop strofobou en halfrym die man se alleenheid beklemtoon (2 gemotiveerde feite)
- Die geslaagdheid van die bou van die gedig (1 gemotiveerde feit)

[10]

OF

VRAAG 6: KONTEKSTUELE VRAAG**die skepping van die vrou – Vincent Oliphant**

- 1 waarom dan die man alleen?
 2 God neem 'n been
 3 en betrag dit stip
 4 dit is 'n rib
 5 en in 'n oomblik van grootse inspirasie
 6 tower hy met digterlike grasie
 7 'n meesterwerk van vlees en bloed
 8 hy't dit beskou
 9 en dit was goed
 10 en dit was vrou

[Uit: *Die sagte vlees*, 1998]

- 6.1 Hoe maak die spreker die leser dadelik betrokke by die gedig? (1)
- 6.2 Op watter TWEE maniere word die man se alleenheid vir ons voorgestel? (2)
- 6.3 Vul die ontbrekende woord in:
 'n Strofe bestaande uit drie versreëls word 'n ... genoem. (1)
- 6.4 Hoekom word slegs 'God' met 'n hoofletter gespel? (1)
- 6.5 Watter woord sê dat God deeglik seker gemaak het voordat Hy die vrou geskape het? (1)
- 6.6 Skryf die funksie van die enjambement neer. (1)
- 6.7 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.
 'n Ander woord vir 'grootse' in reël 5 is ...
 A interessante.
 B verhewe.
 C wonderlike.
 D vername. (1)
- 6.8 Skryf die woord in die derde strofe neer wat aansluit by 'meesterwerk' (reël 7). (1)
- 6.9 Benoem die stylfiguur waarvan die spreker gebruik maak om te beklemtoon hóé goed hierdie skeppingswerk was. (1)

[10]**TOTAAL AFDELING A: 30****EN**

AFDELING B: ROMAN

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die letterkundeteks wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 7: OPSTELVRAAG***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Iris se milieu of omstandighede het 'n invloed op die keuses wat sy uitoefen.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur:

- Die milieu/omstandighede waarin Iris haar bevind, te identifiseer (2 feite)
- Enige vier keuses wat Iris in hierdie milieu uitoefen, te bespreek (4 gemotiveerde feite)
- Die keuses wat Elsa, Kara en Ma uitoefen met dié van Iris te kontrasteer (6 gemotiveerde feite)
- Die keuses wat Iris uitoefen, te beoordeel (3 gemotiveerde feite)

[25]**OF**

VRAAG 8: KONTEKSTUELE VRAAG***DIE KWART-VOOR-SEWE-LELIE* – Eleanor Baker**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

TEKS 1

1 Niemand het nog ooit regtig na my geluister nie. Met my ge-
2 boorte, toe ek my eerste skree gegee het om my bestaan aan
3 te kondig, was die dokter reeds buite in die gang en op pad
4 na die volgende bevalling. Dit was volmaan en elke kamer op
5 daardie verdieping was vol vroue in kraam. Miskien het my
6 ma my skree gehoor alhoewel sy later vertel het sy was gedaan
7 en het op die plek aan die slaap geraak toe ek uit was en die
8 dokter sê: “ ’n Dogter. Welgeskape.” Die kraamsuster het by-
9 gevoeg: “Nog ’n dogter,” want sy en Ma was bevriend. Maar
10 ook sy was haastig om my gewas en toegedraai te kry sodat
11 sy kon gaan help by die volgende bevalling.
12 Pa was nie by nie. In daardie dae was dit nog nie mode nie.
13 ’n Man het sy vrou by die hospitaal afgelaai en aangery na sy
14 werk. Omdat Pa nie gerook het nie, kon hy nie soos ’n karak-
15 ter in ’n strokiesprent in die wagkamer op en af loop en die
16 asbak stadig maar seker met stompies vul nie. Buitendien was
17 ek die derde kind.

- 8.1 In elke roman is ’n verteller aan die woord.
- 8.1.1 Watter soort verteller kom in dié uittreksel voor? (1)
- 8.1.2 Wat is die voordeel van hierdie soort verteller in bostaande uittreksel? (1)
- 8.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord uit die uittreksel.
- Iris se pa was van haar geboorte af nie vir haar beskikbaar nie. (2)
- 8.3 Hoe ondersteun die handeling van die karakters in hierdie uittreksel Iris se stelling in reël 1? (1)
- 8.4 Watter ooreenkoms is daar, volgens Iris se pa, tussen haar naam en haar geboorte? (1)
- 8.5 Noem TWEE ander voorbeelde uit die roman waar Iris se ma nie na haar luister nie. (2)

- 8.6 Kies die eienskap uit KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (8.6.1–8.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
8.6.1	Elsa ...	A	is verstrooid, tog is sy 'n goeie waarnemer.
8.6.2	Ma ...	B	sal self haar blomtyd reël en beplan.
8.6.3	Kara ...	C	beskou die lewe as 'n goed gemerkte padkaart; wie dit kan lees, kan dit volg.
8.6.4	Merel ...	D	beleef 'n nonstadium en soek ontvlugting in Middeleeuse kuns.
		E	blom van onseker jong meisie tot volwasse vrou.

(4)

EN

TEKS 2

1 Soos die warm lug my ledemate ontdooi het, het 'n sny-
 2 dende pyn in my been begin klop. "Ek dink my been is ge-
 3 breek," het ek vir die hoeveelste keer gesê.
 4 "Ag, foei tog, poplap," het Peter berouvol gesê en drie kof-
 5 fiebekers uit die rak gehaal. "Ek maak gou vir jou iets warm
 6 om te drink." Hy het hom weer tot Brian gewend. "Dink jy
 7 regtig sy is nou beter, want daardie motor kry ons wragtig nie
 8 gou hier uit nie?"
 9 "Haar kleur was beter. Ek dink sy het die gif – as dit gif was
 10 – alles uitgespoeg."
 11 "Het sy iets gedrink?"
 12 Ek het my handskoene uitgetrek en op die trap langs my
 13 neergesit en my pers naels bestudeer terwyl die mans Bettie
 14 se herstel bespreek het.
 15 "Wil jy nie net gou weer gaan loer nie?" het Peter vir my
 16 gevra.
 17 "Ek kan nie loop nie."
 18 Peter het sy koffiemakery gelos, my op die kroontjie van
 19 my nat kop gesoen en die trappe twee-twee opgespring boon-
 20 toe. Ons kon sy bewegings monitor soos die houtvloere vi-
 21 breer het en 'n paar minute later was hy terug by ons, redelik
 22 opgewek.
 23 "Sy slaap rustig," het hy gesê. "Haar asemhaling is nor-
 24 maal. Ek het net nog 'n kombars oorgegooi." Hy het die yskas
 25 baldadig oopgegooi, melk by ons koffie geskink en een beker
 26 vir my aangegee. "Ek dink die krisis is verby."

8.7 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.

Die gebeure in hierdie uittreksel speel af in ...

- A New York.
- B Parys (Frankryk).
- C Vermont.
- D Suid-Afrika. (1)

8.8 Hoe word Betty se emosies deur die ruimte (Teks 2) beïnvloed? (1)

8.9 Haal 'n reël uit Teks 1 aan wat by Teks 2 se reël 1–3 aansluit. (1)

8.10 Is die volgende situasie 'n voorbeeld van gebrekkige kommunikasie tussen Iris en Peter? Motiveer jou antwoord uit die roman.

'Peter se laaste, onduidelike poskaart het voorgestel dat ons mekaar in New York ontmoet, die naweek voor Kersfees.' (2)

- 8.11 Lees reël 9–11.
- 8.11.1 Watter karakter dreig om Bettie te vergiftig? (1)
- 8.11.2 Watter rede voer die betrokke karakter vir dié dreigement aan? (1)
- 8.12 'Ek is nie 'n beskermengel nie,' sê die Engel by herhaling wanneer Iris hom verwyf. Op watter manier bewys die Engel in hierdie gebeure die teendeel? (1)
- 8.13 Peter sê: 'Ek dink die krisis is verby.' Waarom is die gebruik van die woord *krisis* in hierdie aanhaling ironies? (2)
- 8.14 Voltooi die volgende sin:
- Bettie sê sy het siek geword omdat ... (1)
- 8.15 Van watter innerlike konflik vertel Iris die Engel tydens haar hospitaalverblyf? (1)
- 8.16 Tot watter belangrike insig ten opsigte van haar toekoms kom Iris tydens haar hospitalisering? (1)
- [25]

OF

VRAAG 9: OPSTELVRAAG

MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse

Baas se milieu of omstandighede het 'n invloed op die keuses wat hy uitoefen.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur:

- Die milieu/omstandighede waarin Baas hom bevind, te identifiseer (2 feite)
 - Enige vier keuses wat Baas in hierdie milieu uitoefen, te bespreek (4 gemotiveerde feite)
 - Die keuses wat Griesel, Grace en mister Kebbey uitoefen met dié van Baas te kontrasteer (6 gemotiveerde feite)
 - Die keuses wat Baas uitoefen, te beoordeel (3 gemotiveerde feite)
- [25]

OF

VRAAG 10: KONTEKSTUELE VRAAG**MANAKA PLEK VAN DIE HORINGS – Pieter Pieterse**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

TEKS 1

1 Twee jaar ná sy aankoms op die kontinent vestig Den-
2 nis Chipman hom op die wal van die Zambezi tussen die
3 mense van die Lozi-stam in Barotseland, die westelike
4 provinsie van die huidige Zambië. Hy vang nie 'n enkele
5 skoenlapper nie, en gaan nooit terug na sy land van her-
6 koms nie.
7 Onder die Malozi staan hy bloot as Baas bekend. Hy
8 en Brindle, later ook hy en die basterafstammeling van
9 die oorspronklike Brindle – altyd met 'n Brindle as trop-
10 leier – word legendariese buffeljagters. Hy kap die trofee
11 aan die stamme van die reuse-oewerbome om sy kamp
12 vas en dit besorg aan sy blyplek die naam Manaka, wat
13 Plek van die Horings beteken.

10.1 In elke roman is 'n verteller aan die woord.

10.1.1 Watter soort verteller kom in die uittreksel voor? (1)

10.1.2 Wat is die voordeel van hierdie soort verteller in bostaande uittreksel? (1)

10.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.

Die aanvanklike rede vir Dennis Chipman se koms na Suid-Afrika was om 'n sendingstasie te stig. (2)

10.3 Noem die TWEE dinge wat Dennis Chipman, die oupagrootjie, tot stand gebring het. (2)

10.4 Baas, die huidige Dennis Chipman, se ideaal is om die wildernisgebied van Afrika toegankliker te maak. Dink jy hy het hierin geslaag? Motiveer jou antwoord. (2)

EN

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord die vrae.

TEKS 2

1 Onder die worsboom kom staan Grace langs Baas.
 2 Nanna staan aan sy ander kant. Ouma Essie skuif tussen
 3 Baas en Nanna in. Almal vat hande. Oom Scholtzie dra
 4 die gemeente aan die Here op. Hy vra dat die Here tog
 5 die nood moet raaksien van siele wat verlore gaan omdat
 6 hulle nog nie die Blye Boodskap van verlossing gehoor
 7 het nie.
 8 “Dan is daar ook iets wat ek vandag moet regmaak,
 9 muluti Malila,” sê ouma Essie toe hy klaar gebid het. Sy
 10 haal haar Bybel met die opgepofte bladsye uit haar voor-
 11 skootsak. “Dit is die waarheid dat dit hierdie Bybel is
 12 waaruit ek en my muluti Joseph getroud is. Dit is ook
 13 die waarheid dat al my kinders en baie van my klein-
 14 kinders en agterkleinkinders daaruit grootgemaak is en
 15 dat hierdie Bybel die grootste is van wat ek oorgehou
 16 het uit alles wat ek in my lewe verloor het.”
 17 “Dit is ook die waarheid dat hierdie Bybel al baie keer
 18 natgereën het, soos ek vir jou gesê het, muluti Malila.
 19 Maar hierdie bladsye wat so opgeswel is ... Dis nie die
 20 waarheid dat dit van die reën is nie. Deur alles wat ek
 21 verloor het ... Tibeledo se pa, wat my oudste kind en my
 22 enigste seun was ... My muluti Joseph ... Die kleinkin-
 23 ders ... Deur dit alles het ek my lewe lank aan hierdie
 24 Bybel vasgehou.”

10.5 Wat kan jy oor die karakter van ouma Essie aflei na aanleiding van reël 17–24? (1)

10.6 Kies die eienskap uit KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (10.6.1–10.6.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
10.6.1	Oom Scholtzie ...	A	is selfgesentreerd.
10.6.2	Baas ...	B	versprei die Christelike boodskap met musiek.
10.6.3	Grace ...	C	verkies om alleen te wees.
10.6.4	Nanna ...	D	tree as vredemaker op.
		E	tree as versorger op.

(4)

- 10.7 Op Manaka was kommunikasie 'n probleem.
- 10.7.1 Watter karakter in die uittreksel is oorspronklik as 'n tolk aangestel? (1)
- 10.7.2 Dink jy hierdie karakter was 'n geskikte keuse vir 'n tolk? Motiveer jou antwoord. (2)
- 10.8 Watter handeling in die uittreksel illustreer die band tussen Baas en Grace? (1)
- 10.9 Voltooi die volgende sin:
- Die waarheid oor die 'opgepofte bladsye' is dat Ouma Essie die Bybel ... (1)
- 10.10 Kies die KORREKTE antwoord uit die keuses hieronder. Skryf slegs die vraagnommer en die letter (A–D) in die ANTWOORDEBOEK neer.
- Watter een van die onderstaande karakters het swak interkulturele verhoudings?
- A Baas
B Meneer Whitey
C Ouma Essie
D Riekert (1)
- 10.11 Gee 'n voorbeeld waar Grace goeie interkulturele verhoudings openbaar. (1)
- 10.12 Godsdienst is 'n sterk, sentrale tema in die roman.
- 10.12.1 Watter karakter in die roman beleef deurgaans innerlike konflik oor Christenskap? (1)
- 10.12.2 Wat gee aanleiding tot hierdie innerlike konflik? (1)
- 10.12.3 Hoekom is dié innerlike konflik ironies as ons na dié karakter se optrede kyk? (2)
- 10.13 Waarom, sou jy sê, is buitelanderskap 'n universele tema in *Manaka, Plek van die Horings*? (1)
- [25]

OF

VRAAG 11: OPSTELVRAAG**VATMAAR – AHM Scholtz**

Tant Winnie se milieu of omstandighede het 'n invloed op die keuses wat sy uitoefen.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur:

- Die milieu/omstandighede waarin Tant Winnie haar bevind, te identifiseer (2 feite)
- Enige vier keuses wat Tant Winnie in hierdie milieu uitoefen, te bespreek (4 gemotiveerde feite)
- Die keuses wat Piet de Bruin, Boitjie Afrika en Bennie O'Grady uitoefen met dié van Tant Winnie te kontrasteer (6 gemotiveerde feite)
- Die keuses wat Tant Winnie uitoefen, te beoordeel (3 gemotiveerde feite)

[25]**OF****VRAAG 12: KONTEKSTUELE VRAAG****VATMAAR – AHM Scholtz**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

TEKS 1

1 Sy het net na die mans gekyk wat nog altyd op hulle pêre gesit het.
2 Hulle het weggekyk, hulle kon haar nie in die oë kyk nie want sy was
3 nie bang vir hulle nie. Dit het alles gebeur sonder dat die Queen se
4 manne 'n vinger gelig het. Ek het Corporal Lewis net hoor sê: We
5 must obey orders.
6 Hierna moes daar nog vier plaashuise afgebrand word. Dié keer
7 het Chai ander planne gehad. Hy het mos geweet hoe om 'n witman
8 te gebruik.
9 Maar hier het Ta Vuurmaak vaak geword en gesê: Ek het al klaar te
10 veel waarheid gepraat. (Sy geskiedenis het hy "waarheid" genoem.)
11 Julle stout seuns sal moet wag vir die orige vier huise. Gaan nou huis
12 toe en doen julle se werk, ek wil slaap.
13 Dit was 'n lang wag tot die Sondag ná die volgende pensioendag.
14 Ta Vuurmaak het 'n kelkie gehad wat hy uit een van die plaashuise
15 gehaal het en dit was sy kosbaarste besitting, het hy gesê. Net hy mag
16 daaraan geraak het. Hy het altyd gesê dit is sy oorlogsgedagtenis. Hy
17 het dit vol sjerrie gemaak en gesê 'n mens moet dit drink soos by nag-
18 maal, en dan het hy die wyn so stadig gedrink as wat hy maar kon.

- 12.1 In hierdie roman word elke hoofstuk se storie deur iemand anders vertel.
- 12.1.1 Wie vertel in hierdie uittreksel die storie aan die jongetjies? (1)
- 12.1.2 Watter voordeel hou dit in dat hierdie karakter die storie vertel? (1)
- 12.2 Dui aan of die volgende stelling WAAR of ONWAAR is. Motiveer jou antwoord.
- Die vrou na wie in reël 1 verwys word, het die mans vergewe vir wat hulle gedoen het. (2)
- 12.3 Noem TWEE voorbeelde hoe die Queen se manne die opdragte (reël 4 en 5) gehoorsaam het. (2)
- 12.4 Hoe ondersteun die 'ander planne' (reël 6 en 7) wat Oom Chai gehad het die titel van die roman? (2)
- 12.5 Wat word Oom Chai-hulle tydens die oorlog genoem? (1)
- 12.6 Voltooi die volgende sin:
- Oom Chai gebruik die Britse offisier, ... , om sy 'ander planne' (reël 7 en 8) te verwesenlik. (1)
- 12.7 Kies die eienskap uit KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (12.7.1–12.7.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
12.7.1	Oom Chai ...	A	kan nie by jong meisies vertrou word nie.
12.7.2	Corporal Lewis ...	B	se handeling toon dat geloof belangrik is.
12.7.3	Ta Vuurmaak ...	C	noem ander mense <i>goed skelm-slim</i> , maar het self hierdie eienskap.
12.7.4	Ouma ...	D	was nooit bang vir 'n witman nie.
		E	kom nie met 'n Dutchman oor die weg nie.

(4)

EN

TEKS 2

- 1 Óf Bettie óf Oom Chai het sy manier van lewe verander. Hy was nie
2 meer die Oom Chai wat ons geken het voor hy na sy broer, Oom Ste-
3 ven, toe is nie. Vroeër het hy altyd kruisbande en 'n belt gedra, nou
4 was net 'n belt genoeg om sy broek op te hou. Die weglêpunte van sy
5 moestas was weg. En die mense het gelag as hulle hom met sy nuwe
6 voorkoms sien, party het eers omgedraai, ander het sommer in sy gesig
7 gelag.
8 Die storie het rondgegaan dat Bettie die moestaspunte afgeknip het.
9 Ander het weer vertel sy het vir hom gesê: As jy rêrig jou seun liefhet
10 (wat hy regtig as sy eie en erfgenaam aangesien het), sal jy daai twee
11 pendorings afsny.
12 By die stokvel het hy nou saam met sy vrou tussen die jongklomp
13 gaan sit. Vroeër het hy altyd onder sy peperboom gesit en alles ver-
14 oordeel wat hy by die stokvel sien gebeur het. Hy het nooit van die
15 dansery gehou nie, maar nou was hy een van die voorbokke. Wanneer
16 hulle iets te veel ingehad het, het die oumas van sy eie portuur
17 gesê: Die blerrie fool.
18 Die jong mense het 'n nuwe paaitjie verby Oom Chai se agterdeur
19 na die halfway-house toe uitgetrap.

- 12.8 Oom Chai het sy 'manier van lewe verander' (reël 1).
12.8.1 Wat was die rede vir Oom Chai se verandering? (1)
12.8.2 Haal 'n frase uit dié uittreksel aan om die inwoners se reaksie op hierdie verandering te bewys. (1)
- 12.9 Watter karaktereienskap kan jy van Bettie uit hierdie uittreksel aflei? (1)
- 12.10 Noem EEN handeling van Oom Chai, as 'n voorbok by die stokvel, wat Bettie nie kon verdra nie. (1)
- 12.11 Dink jy Boitjie Afrika se handeling tydens die dansery het van Oom Chai 'n 'fool' gemaak? Motiveer jou antwoord. (2)
- 12.12 Wat was Oom Chai se reaksie op die jongmense se 'paaitjie verby sy agterdeur' (reël 18)? (1)
- 12.13 Die titel van hierdie Hoofstuk is *Die nuwe Oom Chai word oud en Boitjie Afrika vat oor*. Verduidelik die ironie in die woorde *Die nuwe Oom Chai word oud*. (2)
- 12.14 Tot watter insig het Oom Chai later gekom ten opsigte van die wyse waarop hy Bettie behandel het? (1)
- 12.15 Bewys uit hierdie Hoofstuk dat Bettie tóg vir Oom Chai omgee het. (1)

[25]

TOTAAL AFDELING B: 25

AFDELING C: DRAMA

Beantwoord EEN vraag.

LET WEL: Beantwoord EEN vraag oor die dramateks wat julle in die klas behandel het.

VRAAG 13: OPSTELVRAAG**KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Map/Johnnie se milieu of omstandighede het 'n invloed op die keuses wat hy uitoefen.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur:

- Die milieu/omstandighede waarin Map/Johnnie hom bevind, te identifiseer (2 feite)
- Enige vier keuses wat Map/Johnnie in hierdie milieu uitoefen, te bespreek (4 gemotiveerde feite)
- Die keuses wat Cavernelis, Blanchie en Tommy uitoefen met dié van Map/Johnnie te kontrasteer (6 gemotiveerde feite)
- Die keuses wat Map/Johnnie uitoefen, te beoordeel (3 gemotiveerde feite)

[25]**OF****VRAAG 14: KONTEKSTUELE VRAAG****KRISMIS VAN MAP JACOBS – Adam Small**

Lees die onderstaande teks aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

TEKS 1

1	RICHIE:	Die storie lê hier rond ...
2	TOMMY:	So wat daarvan?
3	CYRIL:	Ja, so what!? (<i>Hy lag.</i>) ... Wanner?
4	TOMMY:	Die sewende ...
5	CYRIL:	Aha!
6		<i>Hulle speel.</i>
7	RICHIE:	(<i>Aan Tommy</i>): Wat sê Antie Grootmeisie, ek mien,
8		jy's mos in daar by hulle ...
9		<i>Hulle speel. Tommy is besig met sy ware.</i>
10	CYRIL:	Silence is golden, hê?
11	TOMMY:	Jy wiet sy kannie praat nie.
12	RICHIE:	Okay, moenie so touchy wies nie!
13		<i>Hulle speel. Dan verskyn Cavernelis met sy fiets, weer op</i>
14		<i>pad huis toe ná een van sy uittogte met die soft goods. Hy</i>
15		<i>huiwer wanneer hy verby kom.</i>

16	CYRIL:	Hie' kom die ou vrek! (<i>Stilte.</i>) Weer overtime, ja!
17		Skaars by die hys van sy job af, dan's hy al weer weg
18		op sy bike, met die soft goods, tot Sondag oek ... Géld! ...
19	TOMMY:	Laat staan die man, dis nie ons biesagheit nie!

- 14.1 Lees reël 1–3.
- 1.14.1 Na watter 'storie' verwys Richie? (1)
- 1.14.2 Richie voltooi nie sy sin in reël 1 nie. Hoekom? (1)
- 14.2 Lees weer Tommy se woorde in reël 4.
- 14.2.1 Die syfer sewe speel in hierdie drama 'n belangrike rol. Bewys dit met 'n ander voorbeeld as uit dié uittreksel. (1)
- 14.2.2 Wat is die simboliese betekenis van die syfer sewe in hierdie drama? (1)
- 14.3 In reël 6 word kursiefgedrukte woorde gebruik. Wat word sulke kursiefgedrukte woorde in 'n drama genoem? (1)
- 14.4 Verduidelik die ironie in Cyril se woorde in reël 10. (2)
- 14.5 Wat moet gebeur sodat Antie Grootmeisie weer kan praat (reël 11)? (1)
- 14.6 Waarom 'huiwer' Cavernelis (reël 14 en 15)? (1)
- 14.7 Cavernelis is 'n harde werker, 'tot Sondag oek', volgens Cyril (reël 16–18).
- 14.7.1 Wat is Cavernelis se doel met hierdie aanhoudende, harde werk? (1)
- 14.7.2 Hoe weet jy dat hy nie in sy doel geslaag het nie? (1)
- 14.8 Cyril se taalgebruik in reël 16–18 pas by die milieu waarteen hierdie drama afspeel.
- 14.8.1 Verduidelik die sosio-maatskaplike en politieke agtergrond waarteen hierdie drama afspeel. (2)
- 14.8.2 Hoe sluit hierdie reëls by die tema van die drama aan? (1)

EN

TEKS 2

1	CYRIL:	Julle's darem op julle nerves, jong!
2	RICHIE:	<i>(aan hulle almal):</i> Los my yt! Wat neuk julle moet
3		<i>my!?</i> <i>(Hy smyt sy stok neer, en lóóp.)</i>
4	TOMMY:	Strange ...
5	CYRIL:	Oek nie so strange nie ...
6	TOMMY:	So Richie het allie tyd só ... gevoel oor haar, nè?
7		Well, I never ...
8	CYRIL:	Smaak jy vir speel?
9	TOMMY:	Nei, man, anner keer ...
10	CYRIL:	Maar ek het dan gedink sy gaat oversea ...
11	TOMMY:	Ek oek ... Anyway ... Maar 'is seker nie onse
12		biesagheit nie ...
13	CYRIL:	<i>(lag):</i> 'Is soes jy sê, ou Tommy ... So ... hulle siet
14		mekaar weer, Blanchie, en Map Jacobs die bastard!
15		<i>Die lig verander. Doof uit.</i>
16		<i>Doof in: Blanchie en Map. Blanchie totaal verward en huilend.</i>
17		<i>Op 'n afstand van mekaar.</i>
18	BLANCHIE:	<i>(bewend):</i> Dis ... Johnnie ... dis Daddy! Daddy! Jy
19		... kom ... help. Dis Daddy!! Daddy!! Daddy!! <i>(Sy skreeu.)</i>
20	MAP:	<i>(staar):</i> Blanchie ...

- 14.9 Kies die eienskap uit KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (14.9.1–14.9.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
14.9.1	Cyril ...	A	se soeke na identiteit en 'n beter lewe het negatiewe gevolge gehad.
14.9.2	Richie ...	B	is venynig in die meeste uitsprake teenoor ander.
14.9.3	Tommy ...	C	wil graag oorsee gaan om menswaardiger te leef.
14.9.4	Map ...	D	is nie 'n leeglêer nie, want hy smous snuisterye.
		E	speel bedags kerrim, want hy het nie werk nie.

(4)

- 14.10 Waarom is dit gepas dat juis Tommy hierdie woorde (reël 6 en 7) sê?

(1)

- 14.11 Lees Tommy se woorde in reël 11 en 12.
- 14.11.1 Waarom bedoel Tommy nie die woorde wat hy sê nie? (1)
- 14.11.2 Bewys uit die drama dat Tommy se woorde en daede nie altyd ooreenstem nie. (1)
- 14.12 Dink jy dat Blanchie se optrede in reël 18 en 19 geloofwaardig is? Motiveer jou antwoord. (2)
- 14.13 Map is in reël 20 aan die woord, maar Blanchie spreek hom aan as Johnnie. Hierdie twee name verteenwoordig twee uiteenlopende stadiums in Map se lewe. Vind jy die verandering van Map na Johnnie oortuigend? Verduidelik jou antwoord. (2)
- [25]

OF

VRAAG 15: OPSTELVRAAG

MIS – Reza de Wet

Meisie se milieu of omstandighede het 'n invloed op die keuses wat sy uitoefen.

BESPREEK hierdie stelling in 'n opstel van 400–450 woorde deur:

- Die milieu/omstandighede waarin Meisie haar bevind, te identifiseer (2 gemotiveerde feite)
 - Enige vier keuses wat Meisie in hierdie milieu uitoefen, te bespreek (4 gemotiveerde feite)
 - Die keuses wat Miem, Gertie en Gabriël uitoefen met dié van Meisie te kontrasteer (6 gemotiveerde feite)
 - Die keuses wat Meisie uitoefen, te beoordeel (3 gemotiveerde feite)
- [25]

OF

VRAAG 16: KONTEKSTUELE VRAAG**MIS – Reza de Wet**

Lees die onderstaande uittreksel aandagtig deur en beantwoord dan die vrae.

TEKS 1

1	GERTIE:	Ag, Miem ... jy weet vanaand is nie 'n aand om alleen
2		te wees nie.
3	MIEM:	<i>(sug en gaan sit)</i> Jy kan dit weer sê, Gertie. <i>(Tel die going</i>
4		<i>op en werk verder)</i>
5	GERTIE:	Toe dag ek, my tuin is so groot en die bure so ver ... en
6		toe ... so in die stilligheid ... hoor ek ... geluide ... Die hele
7		huis het begin kraak ... en die luike het geklap. O, dit was
8		aaklig.
9	MIEM:	Foei tog, Gertie, dis geen wonder nie. <i>(Tel haar voet op en</i>
10		<i>laat dit op 'n stoel rus)</i>
11	GERTIE:	En toe hoor ek 'n uil roep in die tuin. Jy weet wat die
12		ou mense gesê het ... nou ja ... toe skraap ek maar 'n paar
13		goedjies bymekaar ... Ek is jammer om so skielik op julle af
14		te kom ...
15	MIEM:	Jy't reg opgetree, Gertie. Vanaand moet ons almal saam-
16		staan.
17	MEISIE:	Gisteraand het ek ook 'n uil gehoor. In die boom net
18		voor my venster.
19	MIEM:	My arme kind. Maar moet jou nie bekommer nie.

16.1 Lees reël 1 en 2.

Waarom wil Gertie 'vanaand' nie 'alleen wees' nie? (1)

16.2 Bestudeer die kursiefgedrukte woorde in reël 3 en 4.

16.2.1 Wat word sulke kursiefgedrukte woorde in 'n drama genoem? (1)

16.2.2 Waarom hou Miem aan met werk terwyl sy 'n gas in haar huis het? (1)

16.2.3 Verduidelik die sosio-kulturele agtergrond waarteen hierdie drama afspeel. (2)

16.3 Waarom is Miem se optrede in reël 9 en 10 oortuigend? (1)

- 16.4 Watter karaktereienskap verklap Gertie met haar woorde in reël 11 en 12? (1)
- 16.5 Die herhaalde verwysing na 'uile' (reël 11–18) is opvallend.
- 16.5.1 Wat is die simboliese betekenis van 'uile' in hierdie drama? (1)
- 16.5.2 Hoe dra die 'uile' wat in die tuin roep, by tot die atmosfeer in die drama? (1)
- 16.6 Lees Miem se woorde in reël 19.
- 16.6.1 Hoe weet jy Miem bedoel wat sy sê? (1)
- 16.6.2 Bewys uit die drama dat Miem se woorde en daede nie altyd ooreenstem nie. (1)
- 16.6.3 Dink jy Miem se woorde sluit by die tema van die drama aan? Motiveer jou standpunt. (2)
- 16.6.4 Bewys dat Miem nie in haar doel, om Meisie te beskerm, geslaag het nie. (1)
- 16.6.5 Wat moes Miem anders doen om te verseker dat Meisie werklik veilig was? (1)

TEKS 2

1	GERTIE:	En jou ma is ook glad nie gesond nie. Sy het ook haar rus nodig. Miem, hoekom gaan slaap julle twee nie? Ek sal die konstabel vir 'n rukkie geselskap hou.
2		
3		
4	MIEM:	<i>(onwillig)</i> Nou ja, dit is seker laat. En môre moet ek donsvordag op wees om 'n ogie te hou <i>(wys na sakke)</i> oor die misbesending. Sien ons u môreoggend, Konstabel?
5		
6		
7	KONSTABEL:	Ek is jammer, maar na twaalf is ek weer vort.
8	MIEM:	Ja, dan is die gevaar seker verby. U moet tog hier kom inloer as u in die distrik is.
9		
10	KONSTABEL:	Ek sal, Mevrou. Dankie vir u gasvryheid.
11	MIEM:	En dankie vir u hulp, Konstabel. Sonder u sou ons nie 'n oog kon toemaak nie.
12		
13	KONSTABEL:	Dit is my werk, Mevrou.
14	MIEM:	Sê nag vir die konstabel, Meisie.

- | | | |
|----|------------|--------------|
| 15 | MEISIE: | (skaam) Nag. |
| 16 | KONSTABEL: | Goeienag. |

- 16.7 Kies die eienskap uit KOLOM B om by 'n karakter in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–E) langs die vraagnommer (16.7.1–16.7.4) in die ANTWOORDEBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
16.7.1	Miem ...	A	smag na aandag van die teenoorgestelde geslag.
16.7.2	Gertie ...	B	domineer en is voorskriftelik.
16.7.3	Konstabel ...	C	is vasgevang in omstandighede sonder enige vryheid.
16.7.4	Meisie ...	D	is manipulerend en vals.
		E	is 'n skelm leeglêer wat mis aankoop.

- 16.8 Lees reël 1–3.
Waarom sê Gertie dié woorde? (1)
- 16.9 Waarom is Miem se onwilligheid in reël 4 geloofwaardig? (1)
- 16.10 Bespreek die ironie in Miem se woorde in reël 11 en 12. (2)
- 16.11 Hoewel Meisie in reël 15 'skaam' is, voer sy teen die einde van die drama uitbundige danspassies uit.
Is dié verandering oortuigend? Motiveer jou standpunt. (2)

[25]

TOTAAL AFDELING C: 25
GROOTTOTAAL: 80